

VRAAG 1

- 1.5 Billike vraag maar die kandidate het dit nie goed beantwoord nie. Opvoeders moet die leerders meer aan veelkeusige vrae blootstel.
- 1.6 Biologiese terme. Kandidate het gemiddelde vaardigheid getoon. Opvoeders moet baie meer klem lê op terminologie en spelling daarvan. Sommige kandidate weet nie dat bloed 'n weefsel is nie.
- 1.7 Kolom A and kolom B – uitslae was gemiddeld. Kandidate verwar “weefselvloeistof” met vloeistof wat binne selle voorkom. Kandidate het weefselvloeistof aan selle gekoppel.
- 1.8 Hoë orde vraag. Die moeilikheidsgraad was hoog. Die vraag het praktiese kennis getoets. Die meeste leerders kon nie hierdie vraag korrek beantwoord nie.

Moontlike redes en voorstelle:

Transpirasie eksperiment is nie in die sillabus nie en is ook 'n hoër orde vraag. Die kandidate kon nie die vraag interpreteer nie en hulle kon ook nie die verskil tussen kontrole en eksperiment weergee nie. Praktiese werk was nie in die klaskamer gedoen nie.

Praktiese werk moet gedoen word – kontak kurrikulum adviseur indien daar probleme ondervind word met apparaat wat benodig word vir die doen van praktiese werk soos deur die sillabus voorgeskryf.

Beklemtoon die volgende wanneer prakties gedoen word:

Doel / Resultaat / Kontrole / Eksperiment / Verskille in resultate.

VRAAG 2

- 2.1 Verduidelikings is baie belangrik – ook in SG. Die funksies van die oog moet meer aandag geniet in die klaskamer.

Om te teken in Biologie is baie belangrik. Die kandidate was punte gegee vir ander kriteria as net byskrifte.

VRAAG 3

- 3.1.2 Opvoeders moet bewus wees van die feit dat slegs biologiese terme aanvaar word. Spelling van terme benodig ook baie aandag.
- 3.2 Funksies van die oor benodig ook aandag. Die vraag was swak beantwoord deur die meeste kandidate.

Toepassing t.o.v. die funksies van die oor moet meer gereeld gedoen word. Die strukturele geskiktheid van die middeloor vir die uitvoering van sy funksie moet aan die kandidate verduidelik word. Daarvoor moet die struktuur van die middeloor baie deeglik deur die opvoeder behandel word.

- 3.3 Opvoeders moet die leerders die geleentheid gee om die vaardigheid vir die volg van instruksies, te oefen. Die toepassing van kennis word ook verwag – hulle moet nie net informasie van 'n skets aflees nie.
- 3.5 Kandidate moet termoregulering by endo- en eksotermiese organismes kan verduidelik deur kennis toe te pas op voorbeelde in vraestel voorgehou.

VRAAG 4

- 4.2.3 Kandidate moet die instruksies by die opstel van 'n tabel volg. 'n Vergelyking was gevra. Leerders het nie die verskille gekoppel nie. Hulle het ook nie die term “samestelling” verstaan nie. Hulle het dit met “strukturele verskille” verwar.
- 4.3 Hierdie was 'n hoë orde vraag. Opvoeders moet die belangrikheid van die deeglike lees van informasie en bestudering van diagramme beklemtoon. Die leerder moet verstaan wat gevra word voordat hy/sy poog om dit te beantwoord.
- 4.2.3 Twee instruksies (noem en verduidelik) was in een vraag gegee. Kandidate moet wakker wees vir die moontlikheid van dubbele instruksies.

VRAAG 5

- 5.4 Die volg van instruksies is belangrik – drie faktore was gevra. Daarom moet slegs drie deur die leerders voorsien word. Leerders het die vraag redelik goed beantwoord.
- 5.5 Kandidate moet weet wat die verskil tussen “omgewingsfaktore” en “habitat” is.
- 5.6 Kandidate moet weet wat die verskil tussen “doel” en “resultaat” by 'n eksperiment is.
- 5.4.3 Kandidate kon nie die grafiek interpreteer nie daarom kon hulle nie die berekening doen nie. Hulle moet onthou om eenhede (in hierdie geval, g) in hul finale antwoord te verskaf.
- 5.4.4 Swak beantwoord. Kandidate kon nie verduidelik waarom daar 'n verandering in massa was nie (by die aartappel). Hulle kon nie hul kennis van waterverhoudings op die grafiek toepas nie.

SUGGESTIONS FOR ANSWERING NATIONAL CERTIFICATE PAPER

7. Read the questions in both languages at least twice.
8. Think carefully before answering.
9. Never leave out an answer.
10. Look at the number of marks allocated to tell you how much to write.
11. Number exactly as on the question paper.
12. Before answering look for keywords to guide you for correct answers. Make sure candidates would know how to answer questions with the following instructions:
 - Study
 - Name
 - Discuss
 - Compare
 - Explain
 - Describe
 - Cause and effect of different situations.

HOW TO DRAW A DIAGRAM

8. Use a pencil.
9. Use continuous lines (don't sketch)
10. Pay attention to the shape and scale (correlation) of individual/different parts of a diagram.
11. Labels below each other
12. Lines must touch the part involved.
13. Heading or caption must be given.
14. The size must be at least 10 to 12 lines.